

Vingerverf

Bestanddele:

1 pakkie plakpapiergom
'n bietjie minder as 2 liter warm water in 'n 2 liter-bottel
Poeierverf

Metode:

1. Gooi die plakpapiergom in die 2 liter-bottel.
2. Vul die bottel tot amper bo met warm water.
3. Skud tot die gom opgelos is.
4. Laat oornag staan.
5. Gooi soveel van die mengsel as wat vir elke kleur benodig word uit in verskillende houers.
6. Gooi omtrent 1 eetlepel poeierverf van verskillende kleure in die houers.
7. Meng dit goed in die gommengsel. Dit vorm 'n dik pasta en is gereed vir gebruik.

Seepverf

Bestanddele:

1 koppie seepvlokkies
½ koppie waterpoeierverfblinkertjies (opsioneel)

Metode:

1. Klits die seepvlokkies en water met 'n eierklitser totdat dit soos styfgeklopte eierwit lyk.
2. Gooi die verf en blinkertjies by en klits weer.

Gesigverf

Bestanddele:

1 bottel goedkoop "aqueous" roompoeierverf

Metode:

1. Verdeel die room in kleiner houers.
2. Meng die verlangde kleure verf met die room.

Die verf was maklik af en beskadig glad nie die leerders se velletjies nie.